OTJIEKOS PROJEK

HELP ROBOT- / STOPSTRAAT BEDELAARS OM GESONDER TE EET.

As ons nie vir bedelaars geld wil gee nie, want dis “toxic charity”, wat moet ons dan doen? Verseker is dit nie goed om mense net te ignoreer nie. Maar dis al opsies wat ons het: òf geld gee òf ignoreer. Ons wil egter nog ’n opsie vir julle moontlik maak.

Praat met die bedelaars oor hulle gesondheid! Dit gaan twee goed regkry. Eerstens, en ook die belangrikste, is dat dit die bedelaar menswaardig laat voel en tweedens gaan ons hulle help om slimmer keuses te maak met die bietjie geld wat hulle wel insamel.

Die eetplanne wat julle in Afrikaans of Engels kan aflaai, is baie slim opgestel. Ons het ’n dieetkundige gevra om vir ons te dink wat vir arm mense die goedkoopste manier sal wees om gebalanseerd te koop en te eet. Aan die voorkant is daar ’n inkopielys met o.a. die goedkoopste proteïene beskikbaar. Daar is ook 3 verskillende eetplanne sodat bedelaars ’n keuse het wat hulle eet.

Die bladsy is bedoel om deur julle as gemeente / bedienings gedupliseer te word. (Sorg net dat albei bladsye se bokante bo is wanneer julle dit dupliseer, anders is die eetplanne en resepte vir daardie spesifieke eetplanne nie op dieselfde pamflet nie.)

Sny nou die bladsy in 3 los pamflette. Julle sal sien elke pamflet het nou ‘n ander eetplan met sy eie twee resepte aan die agterkant. Die idee is dat julle ten minste ’n 3 weke “journey” met die bedelaar sal stap. Laat die kinders die eerste week die eerste pamflet met sy eie eetplan, inkopielys en resepte aan ’n bedelaar gee. Probeer om dit nie net vinnig deur ’n venster in iemand se hand te stop nie. Probeer alle mense menswaardig hanteer. Ons is immers in die seisoen van menswaardigheid. Sê ook vir die bedelaar dat jy baie graag wil hê hulle moet die resepte probeer en dat jy die volgende twee weke ook nuwe resepte en eetplanne gaan uitdeel.

Moedig die kinders aan om self ook van die resepte te maak en ’n bietjie in ’n netjiese bakkie te skep en saam met die bedelaar te gaan eet (natuurlik onder volwasse toesig).

Die belangrikste is dat julle met alles wat julle doen aan mense kommunikeer dat hulle wel waarde het.

Geniet die kontak maak en ook die kos maak!